

**JOHANNESBURG CHURCH OF CHRIST**  
**(Geaffilieer met die Los Angeles International Church of Christ - LAICC)**

(Ds Francois Smit)

## 1. GESKIEDENIS

Die Los Angeles Church of Christ (voorheen Boston Church of Christ – BCC) se wortels moet gesoek word by die sg. Crossroads Church of Christ in Florida, en veral by een man, Kip McKean. As student aan die Universiteit van Florida het hy tot bekering gekom deur 'n kampus-uitreik van die Crossroads Church of Christ. Hy word 'n aktiewe lid van die kerk en word tydens sy studentejare deur verskeie mense en omstandighede gevorm vir sy toekoms. Veral een man verdien vermelding: Chuck Lucas. Hy was 'n kragtige prediker wat Kip die noodsaaklikheid van dissipelskap geleer het. *“The seeds of discipling were placed in my life as I saw personally how one man could affect another’s daily lifestyle and eternal destiny for God”* (McKean 1992:1). Lucas en sy kollega, Sam Laing, se dissipelskapmetodes het 'n geweldige indruk op Kip gemaak.

Hy pas die “dissipeler-dissipel”-metode met groot welslae toe tydens sy “bediening” in Charleston en kom tot die volgende gevolgtrekking: *“... seminary was not the way to train ministers, but rather one minister walking with another, like Jesus and the twelve”* (McKean 1992:2). Hy tree op 11 Desember 1976 in die huwelik met Elena Garcia-Bengochea. Na 1976 het hy al meer bewus geword van die “louheid” van die Church of Christ (moet nie verwar word met die Los Angeles-groep nie). Hierna sou die kraak in die verhouding tussen Kip en die Church of Christ-leiers al hoe groter word.

Vanweë sy suksesse in Charleston, nader die Lexington Church of Christ (later Boston Church of Christ) Kip om hul kwynende gemeente te gaan ophef. Dit was die begin van groot dinge in die jong Kip se lewe. Op 1 Junie 1979 is die oorspronklike Boston Church of Christ gestig met 30 baie ywerige lede. In die daaropvolgende jare is die bande met die Church of Christ stelselmatig verbreek as gevolg van verskeie botsende nuwe leerstellings en praktyke wat deur die ou Boston-groep geïnisieer is, o.a. die gebruik van die plaaslike stad se naam vir die betrokke “gemeente”, bv. Chicago Church of Christ ('n afleiding van die gemeentes in **Openbaring 2 en 3**). Die eredienste is verander, Sondagskool en eredienste op Sondagaande is afgeskaf en 'n midweek-byeenkoms is ingestel. Na die eerste 6 jaar het die Boston-kerk tot meer as 2000 siele aangegroei. Daar is net een gemeente in 'n stad en dié sal bekend staan as die “stadsnaam Church of Christ”, want die International Church of Christ (voortaan: ICC) glo nie in die bestaan van meer as een onafhanklike gemeente in dieselfde stad nie en net hierdie gemeente sal met die Los Angeles Church of Christ (voortaan LAICC) geaffilieer wees. Let ook daarop dat indien daar reeds 'n ander kerk in daardie betrokke stad is wat as “Stadsnaam Church of Christ” bekend staan, hulle dan die naam “Stadsnaam Church of Jesus Christ” sal aanvaar.

In 1981 – 1982 het die Kip 'n visie vir die wêreld ontvang. *“If we could place a small group of disciples (church planting) in each of the key metropolitan centers of the world, they, in turn by the multiplication of leaders and disciples, could send church plantings to each of the capital cities of each nation”* (McKean 1992:5). Dissipelgroepe word dus na Chicago, London en New York uitgestuur, en na geweldige suksesse word die werk verder uitgebrei na Toronto (Kanada), Johannesburg (1986) en plekke soos die Fillipynse Eilande, Moskou, New York en San Antonio Texas. In 1987 eis die ICC dat alle ander kerke van dié kerk hulle aan rekonstruksie van die ICC onderwerp of uitgeskop word. Die meeste laat dit toe, maar ander nie. Een so 'n rebel was die oorspronklike Crossroads Church of Christ waar die ICC begin het. Hulle ontslaan vir Chuck Lucas en breek in 1988 finaal met die dissipeler-metode. Gedurende die daaropvolgende twee jaar breek die Church of Christ finaal weg van die International-groep. 1987 sien ook die eerste uitgawe van die ICC se *Biblical Discipleship Quarterly*. Dit sou die amptelike nuusblad van die International-groep word. Vanaf 1992 is die naam verander na *Upside Down Magazine* ('n baie gepaste naam!). Baie van die lede wat as gevolg van hierdie herkonstruksie die ICC verlaat het, rapporteer brutale konfrontasie wat daarop gemik was om hulle te breek. Van hierdie lede wat gedurende hierdie hervormingsessies besluit het om te bly, was as onchristelik uitgekryt en oor gedoop. Hierdie patroon van herstrukturering en herdoop gaan vandag nog steeds voort. Gemeentes wat nie voldoen aan die vereiste groei en geldelike bydraes nie, word herkonstrueer!

Kip McKean verhuis in 1990 na Los Angeles wat nou die nuwe fokuspunt van die beweging word en kondig in 1993 aan dat die beweging voortaan as die **Los Angeles Church of Christ** bekend sal staan.

Vandag is daar letterlik in al die groot wêreldsentra takke van die LA-groep en die groeikoors is fenomenaar! Daar word geskat dat die groep vandag sowat 85 000 lede in die verskeie kerke wêreldwyd het, en dit in net meer as 10 jaar! In Suid-Afrika is die twee grootste sentra in **Johannesburg** en **Kaapstad** en rig hulle vernietigende werk aan

op die kampusse van die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch, RAU, Wits en ook Pretoria.

## 2. STRUKTUUR

Soos in meeste kultes het die LAICC 'n geweldige outoritêre struktuur wat van die leiers af deurwerk tot by die gewone lede. Die stelsel wat bydra tot hierdie struktuur is hulle sogenaamde Dissipelskap-program. Nuwe lede word aan ouer, meer ervare lede toegewys. Die ouer lid staan bekend as die dissipliner en die nuwe lid as die discipule. Die nuwe lid word nou aangesê om sy dissipeler in alles na te volg soos wat hy Christus navolg. As die ouer lid besluit dat sy dissipel iets moet of nie moet doen nie, moet die jonger lid net eenvoudig gehoorsaam. So leer hy kwansuis om 'n getroue dissipel van Jesus self te word. Die produk van so 'n stelsel is dat meeste ICC lede dieselfde dink, praat en optree. Individualiteit maak plek vir 'n "groeps persoonlikheid".

As gevolg van die verskriklike pas wat van nuwe lede geëis word, groei die groep geweldig vinnig. Dit verskil van kerk tot kerk (die ICC praat nie van gemeentes nie, maar van "kerke"), maar in meeste sentra word daar van nuwe lede verwag om ten minste een nuwe lid per maand tot die groep toe te voeg. Dit beteken dat as 'n groep met 2 lede begin in Januarie, hulle in Desember van daardie selfde jaar teoreties 2 048 lede sterk moet wees! Geen wonder die ICC het soveel sukses nie! Soms word evangelisasievereistes weer langs 'n ander weg op hul lede afgedwing. In die London Church of Christ byvoorbeeld, is daar van nuwe lede verwag om tussen 1 en 5 persone per dag na 'n Bybelstudie te nooi.

Die dissipelskapstruktuur bou natuurlik op tot by Kip McKean self wat as die grootste dissipeler beskou word. "*There is no greater discipler, disciple, brother, husband, father and friend than Kip McKean... In reality, the International Church of Christ happened because someone decided to walk powerfully with God. Kip, we love you, we need you, and we will continue to follow you as you follow Christ*" (Discipleship, 1989).

Kip McKean staan aan die spits van die hele organisasie. Hy word bygestaan deur sektor leiers wat na sake in 'n spesifieke geografiese gebied moet omsien. Onder hulle dien die verskillende kerke en hulle leiers.

## 3. LEERSTELLINGS

Die ICC word as 'n Pseudo-Christelike kulte gesien. Om egter die ICC in dieselfde asem as die Mormone met hulle bizarre godsdiens te noem, is miskien onregverdig. Die ICC is beslis nader aan die Christelike geloof as meeste van die ander kultes. Baie geleerdes meen selfs dat hulle nog as deel van die Christelike kerk beskou moet word. Die heel eerste vraag wat ons dus moet vra, is of hierdie groep werklik deel is van die kerk van Christus of nie.

### 3.1 KERK OF KULTE?

Ons glo dat die International Church of Christ as beweging nie deel uitmaak van die kerk nie, en wel om die volgende redes:

#### 3.1.1 Die Universele Kerk

**Die Heidelbergse Kategismus (vraag 22 en 23)** vra 'n baie kritieke vraag: Wat moet 'n Christen glo? Die antwoord op hierdie vraag is baie insiggewend: alles wat in die Evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene Christelike geloof ons in hoofsaak leer. Vraag 23 bou hierop voort en vra: Hoe lui die artikels? Antwoord: Die twaalf Artikels of die Apostoliese Geloofsbelydenis. Om 'n Christen te wees, moet jy dus in (a) die Evangelie van Jesus Christus glo, en (b) die Twaalf Artikels as die basis leerstellings van jou geloof aanvaar.

Die ICC aanvaar al die artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis, behalwe die negende een: Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Vir Kip McKean en sy volgelinge bestaan daar net EEN groep waardeur jy gered kan word, die International Church of Christ. Al die ander kerke mislei die mense, omdat hulle 'n valse doop aan hulle voorhou. Alhoewel hulle huiwer om dit te sê, kom dit tog daarop neer dat die kerk deur al die eeue ook verkeerd was. Eers in die laat sewentigerjare is die kerk van die apostels weer herontdek. Die ICC verwerp dus die Christen leerstellings dat daar Christene in alle kerke is (die onsigbare, universele kerk van Jesus Christus).

Ons moet dus sê dat ons nie hier met 'n Christelike beweging te doen het nie. Tog kan ons nie nalaat om te aanvaar dat daar wel Christene in die ICC-geledere mag wees nie. Trouens, baie oud-ICC lede getuig dat hulle Christus in die beweging ontmoet het.

### 3.1.2 'n Ander Evangelie

Paulus gebruik baie harde woorde wanneer hy die gemeentes in Galasië aanspreek oor hulle aanvaarding van 'n "nuwe evangelie".

**Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem. Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat julle in verwarring bring. Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek van God sal hom tref! (Galasiërs 1 : 6 - 8)**

Hierdie gedeelte is om die volgende rede belangrik: die insypelaars in Galasië se evangelie behels dat jy naas jou geloof in Christus ook nog besny moes word en die wette van Moses gehoorsaam om gered te word. Op die oog af lyk dit nie na 'n te groot verskil met Paulus se evangelie nie. Die insypelaars het sekerlik nie die Godheid van Christus verwerp nie; ook nie die van die Heilige Gees nie. Hulle het ook nie in 'n ander Bybel geglo nie. Tog kon Paulus nie sterk genoeg woorde vind om sy en God se afkeur aan sodanige evangelie te beskryf nie. Die ICC verkondig ook dat jy iets moet doen om gered te word: jy moet gedoop word (met die regte motiewe) en 'n baie voorbeeldige lewe lei. Vir die evangelie van genade is so-iets vreemd en ons kan dus nie anders as om die ICC-evangelie as 'n valse evangelie te beskou nie – 'n evangelie wat in God se oë 'n vervloeking is (**Galasiërs 1 : 9**).

### 3.1.3 Psigiese Beheer

Die International Church of Christ is meesters op die gebied van psigiese beheer. Deur middel van hulle "dissipelskap"-program word jongmense se lewens vernietig. Studente word sò gemanipuleer dat baie van hulle van die huis af weglou of hulle studies staak net om 'n "dissipel" van Jesus te word. As die besluite deur mense gemaak is wat ten volle in beheer is van hulleself, sou dit wonderlik gewees het, maar die teendeel is eerder waar. Studente word met verskeie psigiese beheersingsmetodes geen ander keuse gelaat nie. Hierdie metodes kan nooit met die Christelike lewe vereenselwig word nie. Die produk van 'n Christen se lewe is vryheid: die produk van 'n ICC lid is gebondenheid aan die groep.

## 4. LEERSTELLINGS

Anders as meeste van die ander pseudo-Christelike kultes, is die ICC se leerstellings nie baie ver verwyderd van die Christelike leer nie. Tradisionele leerstellings soos die Drie-Eenheidsleer, Godheid van Christus, Gesag van die Bybel, ens. kom glad nie in gedrang nie. Om dié rede gaan ons net konsentreer op die leerstellings wat hulle onderskei van die Christelike geloof.

### 4.1 VERLOSSING IS NIE DEUR GELOOF ALLEEN NIE

Douglas Arthur, een van die ICC leiers, het met een sinnetjie 'n streep deur die genade van God getrek: "*We do not teach that salvation comes by faith alone ... it should be noted that 'salvation faith' is in no way identical with 'salvation by faith alone'*" (Brief aan UCCF werker, 1984). In hierdie opsig lê die ICC baie klem op die term "dissipel". Jy moet jou hele lewe lank bewys lewer van jou absolute gehoorsaamheid aan Christus, anders was jy nooit werklik 'n Christen nie. In Kip McKean se standaard Bybelstudie oor dissipelskap stel hy dit baie duidelik dat 'n Christen ook 'n dissipel moet wees. Jou saligheid hang af van jou getrouheid as dissipel!

### 4.2 DIE DOOP IS DIE OOMBLIK VAN BEKERING

Die sentrale leerstelling van die ICC is hulle siening van die doop. Volgens hulle is 'n mens se doop alleen geldig as die persoon dit verstaan as die oomblik van die nuwe geboorte.

*"I taught that to be baptized, you must first make the decision to be a disciple and then be baptized. I saw that people in- and outside our fellowship had been baptized without this understanding and then, in time, developed a disciple's commitment to make Jesus Lord of their entire life. I taught that their baptism was invalid because a retroactive understanding of repentance and baptism was not consistent with Scripture ... The Scripture clearly teach you must be baptized into Christ for the forgiveness of your sins and then, the Lord adds you to his church (Acts 2:36-47; Romans 6:3,4; 1 Corinthians 12:13; Galatians 3:26,27)" (McKean 1992:4).*

Dit is belangrik om op hierdie tydstip dit duidelik te maak dat die ICC nie leer dat net hulle doop geldig is nie. Kip

McKean verduidelik:

*"I have never believed or taught that anyone has to be baptized into the International Church of Christ to be saved ... However, I do not know of any other church, group or movement that teaches and practices what we teach as Jesus taught in Matthew 28:18-20: One must make a decision to be a disciple, then be baptized for the forgiveness of their sins to be saved and receive the Holy Spirit"* (McKean 1992:4).

Sondes word dus slegs vergewe by die oomblik van doop en slegs as die persoon 'n bewuste keuse tot dissipelskap maak voor die doop. Indien 'n persoon nie gedoop is met bogenoemde begrip van die doop in gedagte nie, is dit 'n valse doop en kan hy nie gered word nie.

### 4.3 VYF STAPPE VAN VERLOSSING

'n Mens moet vyf stappe deurgaans alvorens jy gered kan word:

- \* Jy moet die boodskap hoor (hulle boodskap);
- \* Jy moet dit glo;
- \* Jy moet belydenis doen;
- \* Jesus Christus bely en
- \* Gedoop word (onderdompel)

(Guard the Gospel, 1984).

### 4.4 DIE ONTVANGS VAN DIE HEILIGE GEES

Die Heilige Gees kan alleenlik deur diegene ontvang word wat die korrekte doop deurgemaak het: *"... one must make a decision to be a disciple, then be baptized for the forgiveness of their sins to be saved and receive the Holy Spirit"* (McKean 1992:4).

### 4.5 DIE HEILIGE GEES, GEESTESGAWES, DOOP MET DIE HEILIGE GEES

Die ICC leer dat die Doop met die Heilige Gees slegs twee maal plaasgevind het. Die eerste keer in Handeling 2 vir die Jode en die tweede keer in Handeling 10 vir die heidene. Die twee gebeurtenisse het plaasgevind met die spreek in tale (menslike tale) en was die teken dat die nuwe koninkryk van Christus aangebreek het (ICC Bybelstudie). Hierna sou slegs die Doop in die Naam van Jesus oorbly.

Die ICC leer verder dat die era van **Geestesgawes** verby is. Met die vasstelling van die Nuwe Testament, waarby die mens God se Woord by hulle gehad het, het die Geestesgawes ook verdwyn. Aangesien slegs die Apostels die geestesgawes kon oordra deur middel van handoplegging, moes die praktyk verdwyn het toe hulle gesterf het.

Hierdeur word die werk van die **Heilige Gees** geskaad en so ook sy Persoon.

### 4.6 DIE WERK VAN JESUS CHRISTUS

Dieselfde skending van die Persoon van Jesus Christus kom ook voor, aangesien sy werk aan die kruis op Golgota nie as genoegsaam beskou word om 'n mens te red nie. 'n Persoon moet gehoorsaam tot die dood wees om as 'n getroue dissipel van Jesus verlos te kan word.

Waar die Christen glo dat Jesus se geskenk verniet is, glo die ICC-lid dat hy Jesus moet terugbetaal vir die geskenk. Enige iemand wat sy vriend wil betaal vir die geskenk wat hy ontvang het, vat hom in die gesig. Dieselfde geld vir die ICC.

## 5. DIE KAMPUSONTMOETING

Die situasie op kampus is anders as dié waarby 'n vriend of familielid betrokke is. Meestal gebeur dit so: jy sit doodluiters op die grasperk en ontspan tussen lesings en die volgende oomblik nooi 'n wildvreemde persoon (of twee persone) jou uit na 'n informele byeenkoms saam met 'n paar vriende. Hoe moet 'n mens optree?

Eerstens moet jy vasstel aan watter groep hulle behoort. Die ICC-lid sal die vraag ontwykend antwoord. Wees egter baie beslis. Jy wil die naam van sy kerk/groep/ genootskap weet.

Moet nooit toestem om 'n Bybelstudie saam met hulle groep te hou nie. Benader die saak as volg: bedank die

persoon vir die aanbod, maar sê aan hulle dat jy eerder sal verkies as net julle twee (of drie) iewers op 'n vasgestelde tyd op kampus kan ontmoet. Dit gee jou eerstens die kans om voor te berei, en tweedens kry jy die kans om vir jou die mees geleë plek vir die byeenkoms te kies.

Skryf jou twee vriende se name af (telefoonnommers ook as jy kan). Dit sal nou jou taak wees om vir die twee te bid en vir julle komende ontmoeting. As een van hulle jou sou vra hoekom jy dit afskryf, gebruik dit as 'n stukkie getuienis. Antwoord sonder versuim: Ek wil graag julle name hê, want ek wil graag vir julle en vir ons komende ontmoeting bid.

Probeer ook om al by hierdie eerste ontmoeting reeds vas te stel of jy met 'n dissipelskap-paartjie te doen het. As jy die herkenbare "dissipeler-dissipel" persoonlikhede bespeur, kan jy spesiale aandag aan die nuweling gee in jou gebede.

Berei baie goed voor. Dit geld vir jou voorbereiding uit die Bybel sowel as jou geestelike voorbereiding.

## 6. DIE PRIMAAT VAN DIE EVANGELIE BO DIE DOOP

'n Baie interessante teks kom voor in **1 Korintiërs 1 : 17**. Die agtergrond van die gedeelte is belangrik. Die gemeente in Korinte was verdeel in verskeie faksies. Sommiges het gesê: "Ek is van Paulus"; ander weer "Ek is van Apollos"; ens. (**1 Korintiërs 1 : 12**). Blykbaar het die kantkiesery iets te doen gehad met wie hulle gedoop het.

Paulus wil hierdie verskeurdheid by sy wortel afsny, en daarom wys hy die Korintiërs daarop dat dit nie die doop is wat belangrik is nie, maar **IN WIE** hulle gedoop is, nl. Christus. Die belangrikste is of die Korintiërs **in Christus glo** of nie. Paulus vervolg nou in **1 Korintiërs 1 : 17** :

**Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig.**

Dit is nie die doop wat die belangrikste vir my bediening as gelowige is nie, maar die verkondiging van die evangelie, want dit is waardeur mense gered word (**1 Korintiërs 1 : 18, 23, 24**). Dit is veral interessant as ons aanneem dat Paulus meer as een maal alleen sendingwerk gedoen het (**Handelinge 17 : 15 en verder**). Hoe kon daardie mense ooit gered word as Paulus nie geroep is om te doop nie?

Dit is juis om hierdie rede dat hy nie eens die doop noem wanneer hy 'n opsomming van die evangelie gee in **1 Korintiërs 15 : 1 - 5**. Die evangelie van Jesus word voorgestel sonder die belang van die doop.

Ons vind dieselfde tendens in **Johannes 20 : 31** waar Johannes die volgende belofte maak oor die woorde wat hy in sy evangelie geskryf het:

**... maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam.**

Vra aan die ICC-lid dat hy vir jou iewers uit die Johannes-evangelie 'n plek moet wys waar die doop aangewys word as 'n voorwaarde van redding. Hy sal baie lank soek, want nêrens in die Johannes-evangelie verkondig Jesus of enige iemand anders dat die dissipelskapdoop nodig is vir verlossing nie. Trouens Jesus sê meermale dat slegs geloof nodig is vir verlossing (**Johannes 6 : 47; Johannes 6 : 35; Johannes 3 : 16; Johannes 6 : 40**).

As ek dus glo wat **Johannes 20 : 31** belooft, sal ek volgens die ICC verlore gaan, want ek sou my nie laat doop nie.

## 7. DIE KRUIS VAN JESUS CHRISTUS

Juis as gevolg van Paulus se absolute vertroue in die Primaat van die Evangelie bo uiterlike tekens soos die doop, lê hy so baie klem op Christus se kruis – die middelpunt van die Evangelie. Hy sê byvoorbeeld in **1 Korintiërs 2 : 2**:

**...want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie (of oor te praat nie –Nuwe Vertaling) as Jesus Christus, en Hom as die gekruisigde.**

Hy, Paulus, het ervaar wat die kruis van Christus vir 'n miserabele sondaar kan beteken. Daarom wil hy van niks

anders weet as die kruis van Jesus Christus nie.

Hy neem die gedagte verder in **Galasiërs 6 : 14** :

**Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van ons Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wereld.**

As 'n mens dit nou vergelyk met een van die ICC se gunsteling tekste, **Romeine 6 : 4**, verstaan 'n mens wat Paulus eintlik wil sê. Deur ons doop in Christus, het ons gesterf vir die wêreld – nie omdat die doop die oomblik van bekering is nie, maar omdat dit 'n simbool is van ons geloof in die reinigingsbloed van Christus aan die kruis. **Galasiërs 6 : 14** sê baie duidelik dat ons deur die kruis van Christus ook vir die wêreld dood is en die wêreld vir ons.

Paulus kan dus nie anders as om in **Romeine 1 : 6** uit te roep:

**Ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, wat dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo ...**

Lees ook **Romeine 1 : 17** en **Romeine 5 : 1**.

## 8. DIE HEILIGE GEES

Die ICC leer na aanleiding van **Handelinge 2 : 38** dat 'n mens slegs die Heilige Gees kan ontvang **NA** die doop (hulle doop). Lees egter **Galasiërs 3 : 2**. Uit hierdie teks is dit baie duidelik dat, net soos in die geval van verlossing, die Heilige Gees ontvang word uit geloof en nie as gevolg van die doop nie (ook **Efesiërs 1 : 13**). Trouens, **Handelinge 10 : 44 – 48** bewys dat die gawe van die Heilige Gees ontvang is **VOOR** die doop.

## 9. SAMEVATTING

Die leer van die ICC kan in die volgende kernleerstellings saamgevat word:

- Hulle unieke vertolking van die doop.
- Hulle glo in die Bybel as die enigste gesag vir die Christelike leer en lewenswandel. Dit wil sê die Bybel is die finale uitspraak in alle sake. Menslike interpretasies word afgemaak as onaanvaarbaar, MAAR natuurlik sluit dit hulle interpretasies van die Skrif uit.
- Hulle glo in die bestaan van EEN kerk en dat diè wat nie deel van hierdie kerk is nie, sonde voor die Here is. Die enigste WARE kerk is die ICC!
- Hulle glo in die Groot Opdrag van Jesus Christus om dissipels van alle nasies te maak en dit is dan ook die sleutel tot hulle sukses en aggressiewe evangelisasie.
- Hulle glo in, en pas 'n metode van dissipeler en dissipel toe. Van elke dissipel word verwag om elke maand ten minste twee nuwe volgelingen te werf. Hierdie werwing behels normaalweg die uitnodiging na 'n Bybelstudie wat dan Bybelgesprekke ("Bibletalks") genoem word.

## 10. BEKOMMERNISSE

Die Christen behoort van die volgende kommerwekkende punte kennis te neem. Dit is dan juis as gevolg van sommige van hierdie punte wat hierdie groep as 'n kulte getipeer kan word:-

- Misleidende werwingsmetodes: Mense wat na Bybelstudies toe uitgenooi word, word gewoonlik vertel dat dit informele byeenkomste van Christene van verskillende denominasies is. Uitnodigings kan ook na partytjies of 'n naweek-uitstappie wees. Wees verseker dat so 'n naweekuitstappie nie vir plesier gaan wees nie. Hulle is bekend daarvoor dat die psigiese beheersingmetodes wat tydens so 'n naweek toegepas word so intensief is dat die jongmense wat dit meegemaak het as 'n "ander persoon" na die naweek by sy ouerhuis aankom.
- Verpligte een-tot-een dissipelskap: Daar is geen uitkoms hieruit nie. Jy sal altyd 'n dissipel oor jou hê aan wie jy totaal gehoorsaam moet wees en hom moet navolg. Ongehoorsaamheid sal lei tot die nodige straf en gevolglike bewyse van bekering. Sonder dit sal jy nie weer in ere herstel word nie.
- Die verpligte gee van tiendes: Dit word van lede verwag, intendeel hulle word verplig, om 'n tiende van hulle bruto inkomste aan die kerk te gee. Kontroles bestaan in hulle struktuur om dit te beheer.

- Sielkundige en geestelike misbruike: Ex-lede vertel van die geestelike, sielkundige en selfs fisiese misbruik van lede. Sodanige behandeling was deur die leiers goedgekeur en selfs beveel. Weerstand teen, en die bevraagteken van leerstellings, metodes of die leierskap word nie geduld nie. Intieme belydenisse wat aan dissipels gemaak was, was later teen “rebelle” gebruik. Die verspreiding van leuens en selfs naamskending is van die metodes wat teen “rebelle” gebruik word om hulle te verhoed om die groep te verlaat of nadat hulle die groep verlaat het.